# *LEIERSKAP*

Julle het beslis. As dit goed genoeg is vir julle, is dit goed genoeg vir ons, ook.

2 ['n Broer sê: "Nou gee hulle hulle geskenk vir jou."—Red.] Goeiste, dis oulik. Dankie. ['n Suster sê: "Net 'n klein geskenkie, Broer Branham, die kinders en hulle pennies en tiensente gespaar. En. . .?. . ."] Dankie. Dankie, my klein broertjie. Dankie, kinders. Ek sê sommer baie baie dankie vir julle. En God seën julle.

3 Julle weet, Jesus het gesê: "Insoverre as wat julle vir hierdie die geringstes van my gegee het, het julle dit aan My gedoen." Sien? Julle is die mans en vroue van môre, as daar 'n môre is, sal julle daar wees, God maak staat op julle.

4 Baie dankie, skat. Moet ek dit oopmaak? Jy het dit so mooi gekry, dis soort van moeilik om. . . o goeiste, dis oulik. Oupa moet sy bril kry, jy weet: "Geloof in. . . 'n mosterdsaadjie. . . Boodskap van jou. . . "

Is dit nie lieflik nie? Sien? O, my, goeiste! Ek haat dit dat julle hierdie vir my gee. "Dierbare Broer Branham, O, jy is so 'n goeie vriend. Ons hoop jy sal—jy sal geseënd wees met al die goed wat jy vind. Ons het jou lief; in al daardie geluk; en mag, dierbare Here Jesus jou ryklik seën."

O, dis regtig oulik. Dankie, liefling, ieder en elk van julle. Dis baie gaaf.

['n Broer sê: "Broer Branham, ek glo jy sal saamstem dat ons 'n goeie Sondagskoolonderwyseres het."—Red.]

Julle het beslis. (Hou net hierdie vir my vas, Billy.) Nou, hierdie is so, so mooi opgemaak, ek haat om dit oop te maak. Baie mooi. Ek wed een van die mammies het hierdie een gedoen. Is dit reg? [Broer Branham maak nog 'n geskenk oop—Red.] Huh? Wel, ek moet. . . Dit sal nie uitspring nie? O, goeiste. O. O, goeiste. Dis baie oulik. . .?. . . ons sal daarmee gaan. Leo, gaan wonder aan watter familie hy behoort. Hy het dit in elke foto ingedruk. Dis baie mooi.

Nou, kinders, dis die horing van oorvloed en ek sal dit neem en in ons nuwe huis ophang. En ek reken so lank as—as wat ons 'n huis het, ons dit sal onthou van hierdie Sondagskooltjie hier in Prescott. Ek dank God, dank die Here vir alles; en ek dank God vir sulke gawe seuntjies en dogtertjies soos wat julle almal is. Net aan my te dink in hierdie—hierdie tyd. God seën julle almal. Baie dankie, ja, dis baie mooi. Inspirasie, dis net wat ons wou hê, so-iets. Was ons nie?

['n Broer praat—Red.] Goed.

['n Broer sê die sang was op die laaste minuut beplan.] Dis wanneer dit beter is.

['n Groep susters sing *Vanuit Sy Glorie*.]

O hoe ek Hom liefhet! Hoe ek Hom aanbid!
My asem, my sonskyn, alles vir my!
Die groot Skepper word my Verlosser,
En al God's volheid woon binne Hom.

[Die susters gaan voort om *Vanuit Sy Glorie* te sing. 'n Broer lei *Glo Net*—Red.]

. . . glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

Ek glo ek kan nou vier ure preek, na dit alles. Ek het begin dink ek het moeg geword. Geen wonder julle dogtertjies kan so goed sing, julle dogtertjies en seuntjies nie; luister net hoe sing julle groot susters, en julle moeders, wonderlike sangeresse. Dis baie mooi. Wie is hierdie dogtertjie wat daardie lied gelei het, is jy nie die dogtertjie wat ek daar oorkant ontmoet het nie? Het so 'n pragtige stem; almal van julle. Julle net . . . Ek dink dit was, die beste sang wat ek nog ooit gehoor het, is net hier. Oefen julle dit die heeltyd? ['n Broer sê: "Nee. Dis hoe ons sing."—Red.] Wel, ek sê julle, julle—julle is beslis geseënd met baie goeie sang.

5 Ek hou van goeie sang. Ek is net lief vir baie goeie sang. Ek het altyd gesê, wanneer ek in die Hemel kom wil ek gaan na waar hulle sing, en gaan luister. Ek kan nooit genoeg kry van sang nie.

6 Julle weet, sang gee jou moed. Julle weet dit, nie waar nie? Die soldate, wanneer hulle na die oorlog toe gaan, weet julle wat doen hulle? Hulle speel musiek en sing, en dinge om hulle moed te gee. En wanneer ons na die oorlog toe gaan, sing ons, en—en dit gee ons moed om aan te gaan.

7 Ek bedank julle klein outjies vir daardie mooi geskenk. En dis . . . Mev. Branham, en van Rebekah, en Joseph, en Sarah, en almal van ons, ons sê vir julle baie dankie. Dis moeilik om te sê, hoe om vir daardie outjies te sê: "Nee. Julle het julle pennies gespaar. Ek—ek wil dit nie vat nie." Julle weet hoe ek voel, ek wil dit nie vat nie. Maar tog het ek hierin gekyk en hulle het 'n tien-dollar noot in hierdie kaartjie gehad. Ek het gedink: "Kan ek dit vat?" Ek het gedink: "Hoe kan ek dit doen?"

8 Maar ek het 'n storietjie onthou wat ek wil hê julle moet ken. Eendag was daar 'n weduvrou, sy het 'n klomp kinders gehad, miskien het haar . . . daardie kindertjies se pappa het al heengegaan. En sy het net twee pennies gehad. En sy het in die straat afgekom, eenkeer . . . En dit was tiendegeld, net pennies soos julle almal gespaar het, en sy het dit in die skatkis van God gegooi. Jesus het daar gestaan, en haar dopgehou. En ek het

gewonder: "Wat sou ek gedoen het as ek daar gestaan het?" Ek sou waarskynlik nader gehardloop en gesê het: "Nee, nee, suster, moet dit nie doen nie. Ons—ons het nie, het dit regtig nie nodig nie. Jy het dit nodig vir daardie kinders." Sien? Nou, ek sou haar dit nie laat doen het nie. Maar Jesus het haar dit laat doen. Sien, Hy het haar dit laat doen. Hoekom? Hy weet dis meer geseënd om te gee as wat dit is om te ontvang. Hy het geweet wat Hy vir haar sou doen, sien.

So ek bedank julle outjies, met my hele hart.

9 Ek wil ieder en elk van julle bedank, vir hierdie goeie tyd van gemeenskap, Broer Leo en Gene. Hierdie was eintlik drie dae van aanbidding, vir my. Selfs buite in die oerwoud, wanneer ek myself laat gaan en dink ek het gejag, sal ek op een of ander manier, kyk en julle hoor praat. Ek het vanmiddag die voorreg gehad om julle huise te besoek. Ek het nooit gesien, in enige ingeloop, ek gaan dit 'n dorp noem, wat ek al ooit soveel skoon, netjiese huise en mense gesien het, en soveel respek vir Christus en die Evangelie nie. Ek—ek het dit nog nooit êrens gesien nie. En julle het beslis op die regte pad begin, gaan net voort en God sal met julle wees. En ek het sommige van julle te siene gekry. Ek het, nou die dag, hierdie susters gesien, ek het hulle nie eers geken nie, want al wat ek omtrent kon sien, was net hulle oë en neus, onder een van daardie kappe. En nou glo ek dat ek julle beter ken, deur die hoflikheid van Broer Leo en Gene, wat my rondgeneem en julle huise besoek het; en kon handskud met die—die kindertjies, die profete en profetesse van die eeu wat kom, as daar 'n eeu is wat kom.

10 Julle weet, Jesus is lief vir klein kindertjies. Julle weet, Hy is. En daar was eenkeer 'n klein seuntjie, wat Moses genoem was, ons gaan van hom praat net oor 'n rukkie. En hy was 'n baie goeie. . .Julle weet wat hom gemaak het, gehelp het om hom 'n goeie seun te maak? Hy het 'n goeie ma gehad wat hom grootgemaak het. Sien, dis wat. Sy het hom van die Here geleer. En julle seuntjies en dogtertjies het dieselfde soort ma's om julle groot te maak, julle van die Here te leer. Luister net na hulle.

11 Weet julle wat, weet julle wat die eerste Gebod in die Bybel is, die eerste Gebod met belofte, met 'n belofte? Mag dalk 'n bietjie moeilik vir julle wees om hierdie Gebooie te verstaan. Die eerste Gebod, is: "Om nie enige god te hê behalwe Hy nie." Maar die groot Gebod. . .En die eerste Gebod wat 'n belofte daaraan gekoppel het, sien, is vir die kinders. Het julle dit geweet? Hmm? Hy het gesê: "Kinders, wees gehoorsaam aan julle ouers, wat julle dae op die aarde mag verleng, wat die Here julle God julle gegee het." Om na julle ouers te luister en te doen wat julle doen, kan dit vir julle langer lewe op die aarde gee, wat die Here julle gegee het, meer tyd om Hom te dien.

12 Ek hoop, vandag, dat ek na 'n klomp predikers en sangers en evangeliste kyk van die dag wat sal kom, as daar 'n dag na ons s'n is.

13 En daar is net een ding hierbo, julle—julle maak 'n kêrel dood met goedhartigheid. Ek eet tot ek nie meer kan eet nie, en ek—en ek was nog nooit so bederf nie. As ek 'n Engel was, wat uit die Hemel geval het, kon ek nie enigsins beter behandel word nie. Die enigste ding wat ek vir julle kan sê, is: "Dankie." En wanneer julle onder in Tucson is, mag ek julle dalk nie so goed kan behandel nie, want ek weet nie hoe nie; ek het nie die maniere om dit te doen nie, maar ek sal die beste doen wat ek kan. Kom soontoe.

14 Broer en Suster Shantz, ek wil hulle beslis bedank. En ek het die voorreg gehad om julle mooi, jong dogter, en seun te ontmoet, vanmiddag. En—en om ons sy huis hier oop te gee vir aanbidding. Daar het sulke dinge plaasgevind in die Bybel se dag, julle weet, dat die Evangelie was . . . Ek weet dit klink baie gering. Ons, ons sou dink dit is nie. Maar hierdie is net dieselfde soos God . . . vir God, as wat hulle in daardie dag was.

15 Onthou, as daar nog baie jare sou wees, sou hulle hiernatoe terugkyk en sê: "As ek net in die dae gelewe het daarbo by Prescott! As ek net gelewe het . . . " Sien? Nou lewe ons in daardie dag. Sien? Dan kom ons af na die einde van die pad, dan wag ons vir ons beloning op die groot Dag.

16 Nou gaan ons die Woord van God oopmaak en lees. Maar net voor ons dit doen, laat ons net 'n oomblik met Hom praat.

17 Dierbare Jesus, ek kan nie my—my gevoelens en my dankbaarheid teenoor Broer Mercier, Broer Goad betuig nie, en al hierdie goeie mense en hulle kindertjies, van hoe goedhartig hulle vir ons was, vandat ons hier was nie. Die goedhartigheid is bokant enigiets wat ons verwag het. En ons weet dat hulle lieflik en liefdevol was. Maar ons het nie geweet dat ons op so 'n koninklike wyse behandel sou word nie. En, Here, ek bid dat U Teenwoordigheid altyd in hierdie kamp mense sal wees, die Heilige Gees elke hart hier sal vul, en U vir hulle die Ewige Lewe sal gee. En mag ons, terwyl ons vandag geniet, mag daar 'n eindelose Dag wees dat wanneer ons in die Teenwoordigheid van Hom ontmoet vir Wie ons aanbid en liefhet, en alle lof gee vir hierdie dinge. Tot daardie tyd, Here, hou ons getrou aan Hom en aan Sy Woord. In Jesus' Naam bid ons. Amen.

18 Nou, ek het julle so lank gehou vanmôre, ek sal dit baie vinnig probeer maak vanmiddag, en praat op 'n manier wat vir klein outjies sal wees, en die oueres ook sal verstaan.

19 Ek—ek wil 'n Skrif hier lees, wat gevind word in die Boek van Markus, en ek wil 'n gedeelte vanaf die 17de vers van die 10de hoofstuk van Markus lees.

*En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe, en* kniel en vra Hom, en sê, *Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*

*En Jesus sê vir hom, Waarom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe een,* en *dit is, God.*

*Jy ken die gebooie, Jy mag nie egbreek nie, Jy mag nie doodslaan nie, Jy mag nie steel nie, Jy mag geen vals getuienis gee nie, Jy mag niemand te kort doen nie, Eer jou vader en jou moeder.*

*Maar hy antwoord en sê vir hom, Meester, al hierdie dinge het ek* gedoen, gehoorsaam, *onderhou* (liewer) *van my jeug af.*

*En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry*, hierdie jong kêrel; *en* hy *het vir hom gesê, Een ding kort jy: gaan, verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal* skatte *in die hemel hê: kom dan hier, neem* jou *kruis op, en volg my.*

*Maar hy het treurig geword oor* hierdie *woord, en bedroef weggegaan: want hy het baie besittings gehad.*

20 Nou aan die kinders, en aan die volwassenes en almal, wil ek hierdie Boodskappie net so tydig maak as wat ek kan, en so vinnig as wat ek kan. En ek wil vir 'n teks neem: "volg My," en ek wil vir 'n onderwerp neem: *Leierskap*. Volg, en iemand moet lei; *Leierskap*, en "volg My." Die jong, die mense, die . . .

21 Onthou dat, die eerste tree wat enige van ons ooit gegee het, iemand ons gelei het. Julle ma's onthou die eerste treë wat junior en die klein dogtertjie gegee het, en hulle onthou dit nie meer nie. Maar iemand het jou gelei tot by jou eerste tree. Ek onthou Billy Paul toe hy sy eerste tree gegee het, Joseph en almal van hulle, toe hulle hulle eerste tree gegee het.

22 Dis gewoonlik 'n ma's wat 'n kind lei na sy eerste tree, want sy is by die huis terwyl pappa uit is om te werk, om 'n lewe te probeer maak. Maar, dis, hulle gee hulle eerste tree. En in die aand wanneer hulle inkom, die pa, sê hy altyd. "O, pa," het sy gesê: "Johnny en Mary," die klein seuntjie of dogtertjie: "kan loop! Kom kyk!" En net een tree, miskien moet ma vashou; moes ma se vinger vashou, want jy was soort van swak, en soort van sywaarts gedraai, jy weet, en 'n bietjie omgeval. So jy moes mamma se hand vashou, om jou eerste tree te gee.

23 Nou, iemand het jou gehelp, toe jy jou eerste tree gegee het. En jou—jou laaste tree wat jy ooit in jou lewe maak, sal iemand jou lei. Sien, dis reg. Ek wil hê jy moet dit onthou. Jou eerste tree, het iemand jou gelei. En jou laaste tree, sal iemand jou lei.

24 Ons moet gelei word. Julle weet, God het ons vergelyk met skape. En weet julle 'n skaap kan nie homself lei nie? Hy sal afdwaal en wegdwaal, en hy—hy kan net nie homself lei nie. En

hy moet iemand hê om hom te lei. En partymaal. . . Die herder is veronderstel om die skape te lei. Nou dit was destyds in die dae van die Here Jesus, Hy was die goeie Herder wat die skape gelei het.

25 Maar vandag, julle sien, lewe ons in 'n ander dag, alles is verander en verdraaid. Weet julle watter man moet skape lei vandag? 'n Bok. En weet julle waarheen daardie bok hulle lei? Reg in die slagting in. Daardie skapie weet nie waarheen hy gaan nie, so die bok gaan op na 'n—'n hok toe, op na die slagting, en die skaap weet niks meer as om 'n leier te volg nie, so dit lei hulle reg tot in hierdie slagting in. En dan spring die bok oor die paadjie, en die skaap gaan in en word doodgemaak. Sien, die bok, 'n verkeerde leier.

26 Maar Jesus, die goeie Herder Wat die skape lei, Hy het hulle na die Lewe toe gelei en hulle hand vasgehou. Sien, maar iemand moet die skape lei.

27 Die eerste is die ma se goedheid, dan die pa se woord. Na die ma jou jou eerste tree gegee het, dan kyk jy na jou pappa, almal van ons, vir wysheid, want hy is die hoof van die huis. En hy is gewoonlik. . . Nie dat hy enigsins slimmer is nie, maar hy—hy word net 'n leier van sy familie gemaak, so ons volg wat ons pappa sê om te doen. Wanneer hy sê: "Nou, seun, ek wil hê jy moet 'n *sekere-sekere* ding doen," dan luister ons na hom, want dis wysheid. Maar luister, sien, hy het baie geleer en ons moet hom vra, om te sien wat hy geleer het, en dan kan ons hierby baat, wat hy geleer het. Hy sê vir ons: "Nou moenie gaan en *hierdie* doen nie, want ek het dit gedoen. My pa het vir my gesê om dit nie te doen nie, maar ek het dit gedoen, en dit het *hierdie* laat gebeur met my, iets slegs." So, sien, ons sal. . . Dan vertel hy, pappa, vir ons wat om te doen, en wat om reg te doen.

28 Dan, na ma ons lei, tot die tyd wat ons 'n bietjie wysheid moet kry, om te verstaan, van pappa, dan kry ons 'n ander een. Ons kry 'n ander leier, en dis 'n onderwyseres, 'n goeie skoolonderwyseres. Sy probeer jou leer en vir jou 'n geleerdheid gee, om jou beter toe te rus in die lewe, vir 'n plek, 'n posisie wat jy kan—jy jou Bybel kan lees en jy die liedere kan lees, en jy self van God kan leer en lees, julle sien. En dan, nog iets, miskien sal jy besigheid hê, en iemand sal vir jou 'n brief skryf, mamma, pappa, iemand skryf vir jou 'n brief, jy kan dit nie lees nie. Sien? So die onderwyseres, sy het jou dan, en sy lei jou om te—om te—om te leer om te skryf en te lees. En dis 'n goeie ding, 'n goeie onderwyseres, om jou reg te leer. Maar nou na jy dit verlaat, jy, na jy daardie onderwyseres verlaat, een onderwyseres na die ander een, van 'n klein primêr af, 'n klein graad eentjie, verder tot jy uit die hoërskool uitgaan of kollege toe gaan. Dan wanneer jy die kollege verlaat, en dan het die onderwyseres jou klaar gelei. Sien?

29 Nou, mamma het jou geleer om te loop, sien. Pappa het jou geleer hoe om briljant en ’n goeie jong man te wees, en hoe om vir jouself te sorg en jouself te gedra. Die onderwyseres het jou ’n geleerdheid gegee, hoe om te lees en skryf. Maar nou verlaat jy pappa, jy verlaat mamma, en jy verlaat die onderwyseres, nou moet iemand jou van hieraf verder neem. Nou wie wil jy hê moet jou van hier af verder neem? [’n Kind sê: “Jesus.”—Red.] Dis reg. Jesus, om jou van hieraf verder te neem. Nou, dis ’n baie goeie antwoord, baie goed. Jesus neem jou van daaraf verder.

30 Nou sien julle hierdie jong kêrel waarvan ons praat, hy word die ryk jong man genoem. Nou, hierdie kêrel, hy was nogal goed gelei. Nou, sy ma het hom geleer om te loop. En, julle sien, hy was nog ’n jong man, miskien net uit die hoërskool, en ’n baie gewilde jong man. En deur goed opgelei te wees, miskien korrek geloop, ensovoorts, soos sy ma hom geleer het.

31 En hy was ’n—’n suksesvolle jong man, ook, want, kyk, hy was alreeds ryk. En hy was net ’n—’n jong man, miskien agtien jaar oud, net uit die hoërskool, en hy was ryk. Nou, julle sien, hy het die regte soort onderwyseres gehad om hom te leer om reg te loop. En hy het die regte soort onderwyser gehad, sy pa; tot, selfs nog as ’n jong man, en hy was—hy was ryk in geld, hy het vir homself baie geld gemaak. Hy mag gewees het ’n baie . . . Hy was ’n heerser, selfs op daardie ouderdom, baie suksesvol. Sien? En nou het hy ’n—’n onderwyser gehad wat hom geleer het, die regte ding vir hom geleer het, hoe hy sou . . . Hy het sy geleerdheid gehad.

32 En ’n ander onderwyser wat hierdie jong man toe gehad het, wat dit afhang van hoe jy grootgemaak word, maar hierdie jong man het ’n godsdienstige opvoeding in sy huis gehad.

33 Nou, party kinders, weet julle daar is baie klein kindertjies wat geen godsdienstige opvoeding by die huis kry nie? Hulle pa en ma glo nie in God nie. En hulle pa en ma, drink, rook, baklei, en verlaat, mekaar, in die nag, en dinge, en maak nie hulle klein seuntjie en dogtertjie se aandetes, en dinge nie. Is julle nie bly julle het ’n baie goeie Christen pa en ma nie? Nou, wanneer julle kinders het, wil julle nie dieselfde soort pa en ma wees soos wat julle pa en ma is nie? Sien? Nou, maar dis alles goed.

34 Nou, hierdie jong man het gehad, en hy het ’n godsdienstige opvoeding gehad. Sien, dit was ver bokant wat sommige van hulle gehad het, want hulle het nie godsdienstige opvoeding nie. Maar hierdie jong man het godsdienstige opvoeding gehad, want, sien, omdat hy gesê het hy het die Gebooie onderhou vandat hy ’n seun was.

35 Nou julle het almal ook goeie godsdienstige onderwysers, elkeen van julle. En julle klein tienermeisies en seuns, julle het almal goeie onderwysers gehad, julle pa en pa hier in hierdie kamp, het alles wat julle . . . elke potensiaal wat julle van weet,

wat moontlik is, vir julle om ’n goeie man en vrou te maak, ’n dienskneg van God.

36 Want, onthou, julle gaan eendag sterf, of weggevoer word na die Hemel. En as julle doodgaan voor Sy Koms, sal julle eerste weggeraap word. Het julle dit geweet? Weet julle dat hulle wat dood is . . . As mamma en pappa sterf voor julle, en Jesus kom nie in ons geslag nie, weet julle dat hierdie, pappa en mamma, eerste sal opkom, verheerlik, voor julle? Sien? Die basuin van God sal blaas, en die dooies in Christus sal eerste opstaan, en dan sal ons wat lewendig is, en oorbly, weggeraap word saam met hulle. Ons sal so verander word. Ons moet onthou, dis die hoofsaak in die lewe. Verstaan julle nou? Dis die hoofsaak in die lewe, wat ons moet doen, is om gereed te maak om God te ontmoet.

37 Nou, godsdiens alleen sal nie werk nie. Sien, hierdie een jong heerser hier, hy het gesê: “Goeie Meester . . . ” Onthou nou, voor ek dit sê. Hy is geleer om reg te loop. Hy het ’n goeie opvoeding gehad. Hy is besigheid geleer. En was ryk, en was ’n heerser, en het godsdiens gehad. Maar hy is gekonfronteer met ’n ander probleem, en dit konfronteer ons almal, Ewige Lewe. Godsdiens gee ons nie Ewige Lewe nie. Godsdienstig, is ’n bedekking, maar dit gee ons nie Ewige Lewe nie. En tog, hy wat geleer is deur die beste onderwysers wat daar was, het hy nog altyd iets kortgekom. En die jong man het dit geweet, want hy het gesê: “Goeie Meester, wat kan ek doen om die Ewige Lewe te beërwe?”

38 Nou, julle, julle glo Jesus is God, nie waar nie? So Hy het die gedagtes van die jong man geken, so Hy het gesê: “Onderhou die Gebooie.” Hy het teruggegaan na sy godsdiens, om te kyk wat hy van sy godsdiens sou sê. Hy het nou gesê, met ander woorde: “Onderhou jou godsdiens.”

39 Hy het gesê: “Ek het hierdie gedoen, van ’n seun af,” klein seuntjies soos julle. “My mamma en pappa, en my priester, het vir my godsdiens geleer. Maar ek weet, in my godsdiens, dat ek steeds nie Ewige Lewe het nie.” Sien?

40 Jy kan goed wees. Nie steel nie. Nie rook nie. Nie lieg nie. Nie vir pappa en mamma lieg nie. Moenie daardie eerste leuen vertel nie, want, as jy een vertel, dan is dit makliker om nog een te vertel, sien. Maar julle moet dit nie doen nie. Moenie die eerste een vertel nie.

41 Weet julle jou liggaam is nie gemaak om te lieg nie? Julle weet, hulle het nou ’n toestel, dis—dis op jou senuwees. Hulle kan ’n bandjie om jou pols *hier* sit, en een om jou kop sit, en dan kan jy daar sê, sê jy sê: “Ek—ek—ek het daaroor gelieg, maar ek kan dit so maklik sê dat hulle—hulle sal glo dat ek die waarheid vertel.” En jy kan sê . . .

42 Hulle sou sê: “Was jy by ’n sekere plek, soos het jy in daardie Broer Shantz se karavaan gesit, terwyl Broer Branham gepreek het, Sondagmiddag op hierdie dag?”

En jy sê: "Nee, meneer. Ek het nie daar gesit nie. Nee, meneer."

43 Weet julle wat daardie leuenverklikker sal sê? "Ja, meneer, jy het. Ja, meneer, jy het."

Jy sê: "Ek het nie."

Dit sal sê: "Ja, jy het."

44 Hoekom? Want 'n leuen is so 'n verskriklike ding. Die liggaam was nie gemaak om te lieg nie. En dis so 'n verskriklike ding, tot dit die hele senuweestelsel ontstel, wanneer jy lieg. Sjoe! Ontstel soos daardie, sal jou maagsere gee, swamgroei, dit sal jou doodmaak. En dan is 'n leuen 'n slegte ding, want, sien, jy's nie veronderstel om te lieg, te steel, enige van hierdie dinge te doen nie.

45 Nou, so hierdie jong man was waarskynlik. . . hy het nie gelieg nie, hy het nooit gesteel nie, en hy was bewus dat hy ewig-. . . Ewige Lewe nodig gehad het. So hy het gesê: "Wat kan ek doen om Dit te kry?"

46 En Jesus wys nou hier dat godsdiens dit nie sal doen nie. So Hy het reguit teruggestuur aan hom, en gesê: "Onderhou die Gebooie."

47 Hy het gesê: "Meester, ek het dit gehad vandat ek 'n klein seuntjie was, of klein, toe ek net 'n klein kindjie was het ek dit al gedoen." Maar hy het geweet hy het nie Ewige Lewe gehad nie. So toe het Hy gesê: "As jy in die Lewe wil ingaan, Ewige Lewe, volmaak wil wees, gaan verkoop dan wat . . . "

48 Sien, nou, dis in die haak om geld te hê. Sien, dis in die haak om geld te hê, ryk te wees. En 'n heerser te wees, dis in die haak. Maar dit—dis hoe jy optree na jy dit geword het, sien.

49 Hy het gesê: "Gaan verkoop wat jy het, en gee dit aan die armes, daardie mense wat nie enigiets het nie; kom dan, volg My, en jy sal skatte in die Hemel hê." Maar die jong man het soveel geld gehad dat hy nie geweet het wat om daarmee te maak nie. Nou, sien, hy was baie gewild, daardie jong man was.

50 En hy—hy—hy was goed toegerus vir die lewe, die manier wat sy pa en ma, en die priesters en hulle almal, hom toegerus het, maar hy het steeds geweet dat hy iets kortgekom het. Nou praat ek met die volwassenes. Hy, hy het geweet dat hy iets kortgekom het, en dat hy nie die Ewige Lewe gehad het nie. Hy het dit geweet. Sien?

51 Godsdiens sal nie Ewige Lewe voortbring nie. Vorms, sensasie, jy voel iets; jy—jy kan bang raak, en iets voel. Sien? Huil, dis goed; skree, dis goed; maar dis steeds nie Dit nie, sien. Jy word gekonfronteer deur die Ewige Lewe.

52 Julle sê: "Wel, ek was net 'n stoere Baptis, of Metodis, of Presbiteriaan, of Pinkster." Dis steeds nie die vraag nie.

53 Hierdie jong man was, ook, hy was geleer in die godsdiens van die dag, maar hy het steeds nie Ewige Lewe gehad nie, so hy wou weet wat om te doen. Hy is suksesvol gelei, Hiernatoe. Maar toe hy Daarmee gekonfronteer was, het hy geweier om gestuur te word na Ewige Lewe, of om gelei te word. Sy ander leiers het so 'n houvas op hom gehad, dat hy dit nie wou laat los nie. Sien?

54 Nou, dit is iets soos wat Broer Branham sê. Dit gaan 'n bietjie te diep vir julle, sien.

55 Geleerdheid is goed, julle moet skool toe gaan en leer. Sien, dis goed, maar dit sal julle nie red nie. Om baie geld te hê, dis goed, jy kan jou kinders grootmaak, hulle goeie klere en dinge gee. En soos pappa en mamma vir julle gewerk het, en dinge. Dis goed, maar dit sal julle steeds nie red nie. Sien? Of, jy kan in 'n laboratorium ingaan en leer hoe om verskillende goed bymekaar te sit, of atome te verdeel, of wat hulle ook al doen, en—en in 'n—'n vuurpyl ingaan en—en na die maan toe gaan, maar dit sal jou nie red nie.

56 Jy moet een ding trotseer, Ewige Lewe, en daar is net een Persoon Wat Dit vir jou kan gee. Mamma kan Dit nie vir jou gee nie. Pappa kan Dit nie vir jou gee nie. Jou pastoor kan Dit nie vir jou gee nie. Jou leier hier kan Dit nie vir jou gee nie. Almal wat Ewige Lewe kry, moet na Jesus Christus toe kom. Hy is die enigste Een Wat Daardie deel kan gee.

57 Jou onderwyseres kan vir jou 'n geleerdheid gee, sy kan jou leer; jy moet dit leer. Jou—jou ma kan jou leer loop; jy moet leer loop. Jou pa kan jou leer hoe om 'n sakeman, of wat, te wees; jy moet dit leer. Maar net Jesus kan vir jou die Ewige Lewe gee. Sien?

58 Jou priester, jou leier, of sovoorts, kan jou vir jou godsdiens leer, jy kan die Boodskap leer wat ons probeer leer, maar dit sal jou steeds nie Ewige Lewe gee nie. Jy moet die Persoon, Jesus Christus, aanvaar. Verstaan julle dit, almal van julle? Moet die Persoon, Jesus Christus, aanvaar om Ewige Lewe te hê. Nou, partymaal het ander leierskap soveel invloed op ons, dat ons nie weet wat om te doen wanneer daardie—daardie tyd kom nie.

59 Nou, wat 'n fatale ding is dit om die leierskap na Ewige Lewe te weier, want, sien, dis Lewe wat nooit kan eindig nie. Nou, die geleerdheid, dis goed, dit sal ons hier help. Besigheid, dis goed. Geld, dis goed. 'n Goeie seun en dogter wees, dis goed. Maar, julle sien, wanneer die lewe hier verby is, is dit al. Verstaan julle? Verstaan julle volwassenes? Sien, dis al. Maar dan moet ons vir Jesus Christus aanvaar, vir Ewige Lewe. Net Jesus kan jou Daarheen lei.

60 En al het, sien, hierdie jong man al hierdie goed in die skool behaal, en deur sy ouers en alles, het hy—hy die grootste ding wat hy kon kry, die leierskap van die Heilige Gees, verloor, want Jesus het gesê: "Kom, volg My."

61 En julle meisies wat nou net uit die skool gaan, julle gradueer waarskynlik, party van julle, binnekort, en julle jong seuns; die grootste Leierskap wat daar is, is Jesus Christus, want dis die Leierskap na die Ewige Lewe. Nou, hierdie Leierskap konfronteer elke mens, hulle word die geleentheid gegee om te kies.

62 En dis een groot ding wat ons in die lewe het, is om te kies. Eendag. . . Julle weet, pappa en mamma, hulle het gekies om 'n gawe klein seuntjie of dogtertjie te hê, soos julle—julle almal is.

63 Dan, het julle—julle 'n reg, naderhand, om te kies of julle by die onderwyser wil leer, of nie. Die onderwyser kan jou leer, maar jy kan net 'n—'n klein stoute seuntjie wees, jy wil net nie leer nie; 'n klein, stoute dogtertjie, wat glad nie wil luister nie. Sien, jy—jy het 'n keuse om dit te doen, al is jy klein.

En ma sê: "Het jy A's op jou rapport gekry?"

"Nee, ek het baie sleg gedoen." Sien, nou jy kan . . .

64 Ma sê: "Nou moet jy leer." En dan moet jy dit doen, aanhou studeer soos ma vir jou gesê het, soos pappa vir jou gesê het. Sien, jy moet studeer.

65 Maar jy het 'n keuse, jy kan dit doen of dit nie doen nie. Jy kan sê: "Ek wil nie." Sien, jy het 'n keuse.

66 Naderhand, sal jy 'n keuse hê met watter meisie jy gaan trou, met watter kêrel jy gaan trou.

67 Jy het 'n keuse oral in die lewe. En dan het jy weer 'n keuse, van of jy wil lewe na hierdie lewe; of net 'n goeie, gewilde persoon te wees, 'n rolprentster, of 'n danser, of so-iets.

68 En kyk na hierdie dogtertjies hier met daardie mooi stem, 'n rukkie gelede, wat gesing het. Daardie kind daardie stem sou oefen, en sy sou 'n operasangeres, of 'n sangeres wees. Ek hoor hierdie klein seuntjies se stemme, hierdie seuns, julle kan soos 'n Elvis Presley wees, julle geboortereg verkoop. Sien, julle wil nie dit hê nie. Sien, dis 'n talent wat God jou gegee het, en jy moet kies vir wie, waar jy daardie talent gaan gebruik, vir God, óf of jy dit vir die duiwel gaan gebruik. Sien?

69 Broer Leo hier, julle broer, sien, nou hy het 'n talent gehad, om soort van mense te lei. Nou wat gaan hy daarmee maak? Gaan hy in besigheid ingaan en homself 'n miljoenêr maak; of moet hy hiernatoe kom en 'n tuiste maak waar mense wat bymekaar wil kom en al julle klein kindertjies kry? Sien, jy moet kies wat jy gaan doen.

70 Elkeen van ons moet 'n keuse maak. En dit konfronteer ons. Maar ons word almal met hierdie een ding gekonfronteer: "Wat gaan ons aan Ewige Lewe doen? Gaan ons hierna lewe, of nie?" Dan moet ons na Jesus toe kom, om Dit te kry. Die geleentheid van kies, dis een ding wat God ons gegee het. Hy forseer niks

op ons af nie. Hy laat ons net ons eie keuse maak. So jy hoef nie geforseer te word nie, maar maak net julle eie keuse.

71 Nou laat ons net hierdie volg, volwassenes en almal nou, vir 'n paar minute, en die kinders, almal saam. Kom ons volg hierdie jong man, en die keuse wat hy gemaak het, en kyk waarheen dit hom gelei het.

72 Nou, hierdie meisies met daardie mooi stemme, hierdie jong seuns. Nou miskien kom jy op en is dit dat jy 'n mooi stem het om te sing. Nou neem nou net daardie een ding, jy kon, goeiste, jy mag dit eendag neem: "Ek. . . "

73 Ken julle hierdie seun wat Elvis Presley genoem word? Julle het my bandopnames gehoor. Julle het gehoor hoe ek nie die seun afkraak nie, maar daardie seun het die geleentheid gehad wat julle almal gehad het. Sien, en wat hy. . .Hy het uitgevind hy kon sing. En kyk wat hy gedoen het, net dieselfde ding wat Judas gedoen het, Judas Iskariot, hy het Jesus uitverkoop. Jesus het vir daardie seun daardie goeie stem gegee. En wat doen hy? Draai om en verkoop dit uit aan die duiwel. Sien, hy moet aan die einde van die pad kom. Sien? Hy het geweier om saam met Jesus te wandel.

74 Nou hierdie jong kêrel hier, hierdie ryk jong man, hy het dieselfde ding gedoen. Kom ons volg en kyk wat hy gedoen het. Sonder twyfel, met die groot man wat hy was, waarskynlik 'n aantreklike jong man, donker hare na die een kant toe gekam, mooi klere. Die jong dames het gedink: "Man, dis 'n aantreklike jong man!" O, hulle sou. . .Hy sou miskien vir hulle waai, en hulle sou terug flankeer met hom, en dinge.

75 En hy het gedink hy was 'n groot kêrel, persoon, sien, want hy was aantreklik, hy was jonk. Hy het nie daar na die einde van die pad gekyk nie. Hy het net hier gekyk. "Ek's jonk. Ek's aantreklik. Ek's ryk. Ek kan enigiets koop wat ek wil. Ek kan hierdie meisies neem, en, man, hulle hou almal van my. En hulle weet ek's 'n belangrike man." En, sien, hy het dit alles gehad. Hy het die instruksies van sy pa gevolg, en alles. "En ek is baie godsdienstig. Ek gaan kerk toe." En nou kon hy dit volg, sien; baie gewild, ryk, en beroemd. En, en hy. . .

76 Net soos vandag, soos julle die geleentheid gehad het om 'n rolprentster te word, of so-iets. Meeste jong kinders vandag, jy met hulle praat, weet hulle meer van hierdie rolprentsterre as wat hulle van Jesus weet. Julle sien? En, sien, julle—julle kinders leer van Jesus. Waar hulle gaan sit, en een of ander toneelstuk kom aan van 'n rolprent, of so-iets, ken hulle die akteurs en almal daar, alles daarvan. Hulle ken dit alles beter as *Dit*. Jy hulle vertel van die Bybel, weet hulle niks van die Bybel nie. Sien, dis die verkeerde keuse maak. Nou, een of ander sanger wat hulle God-gegewe talent, verkoop vir roem!

77 Dan sien ons hom aan die einde van die lewe. Kom ons volg hom 'n bietjie verder. Weet julle wat die Bybel van hierdie jong

kêrel sê? Hy het meer suksesvol geraak. So, partymaal beteken sukses nie dat jy die regte keuse gemaak het nie. Weet julle wat hy gedoen het? Hy het uitgegaan en al die groot tye gehad, en groot partytjies gehou, en baie geld en alles spandeer, op die meisies en alles. En toe is hy getroud en het miskien 'n familie gehad. En—en hy—hy het net soveel uitgebrei dat hy net nuwe skure en dinge moes bou. En hy het gesê: "Julle sien, ek het nie vir Jesus gevolg nie, en kyk wat ek het!" Sien?

78 Julle mag mense dit hoor sê, en ek het: "Wel, kyk, Hy't my geseën." Dit beteken nie dit alles nie. Sien?

79 En naderhand het sy skure geswel totdat hy selfs gesê het, wel, selfs: "Siel, neem jou rus. Ek het soveel geld en soveel sukses! En ek's so 'n belangrike man! Ek behoort aan al die klubs. En ek het die rykdom van die wêreld in my hande. Ek besit groot somme land en somme geld, en, wel, goeiste, daar hou almal van my, 'n baie goeie persoon om te wees."

80 Maar julle weet, die Bybel het gesê dat, daardie nag, het God vir hom gesê: "Ek gaan jou siel vereis."

81 Wat het toe gebeur? Nou daar was 'n bedelaar, 'n arm ou Christen wat daarbuite by sy poort gelê het. En net toe hulle . . .

82 Bo in Jerusalem, daar oorkant, eet hulle—hulle bo-op die huis. En die broodkrummels val af soos *hierdie*, en die stukke vleis, ensovoorts, val op die vloer as hulle hulle laat val. En hulle tel hulle nie op nie, want alles in Jerusalem, die ou stad, dit—dis . . .

83 Is dit reg om 'n klein grappie hier te vertel? Hulle v-o-b. Weet julle wat is dit? Vlieë op die brood, vlieë op die bees, vlieë op die botter, v-o-b, vlieë op alles. Hulle gaan uit in die straat, in die geute en alles, en vlieg in en gaan sit net daarop.

84 So hierdie mense daarbo, hulle gaan bo-op die bokant van die—van die gebou. En hulle eet, en dan laat hulle *hierdie* afval, en dan vee hulle dit af. En die honde, in die strate, eet die krummels. En hy het hierdie arm ou Christen daar in die straat laat lê en net die krummels laat eet wat van sy bord van sy bed afgeval het, of van sy tafel af.

85 En toe toe hy ingekom het, naderhand, het hy sere gehad, en hy het nie enigiets gehad om aan sy sere te smeer nie. Sy naam was Lasarus. En die honde het gekom en sy sere gelek sodat hy kon probeer om gesond te word.

86 Wel, julle weet, naderhand, het hierdie ryk man, toe, hy gesien het hy het geld gehad om allerhande medisyne te koop, as hy siek geword het, allerhande dokters gehad. Maar, julle weet, partymaal kan dokters ons nie help nie, kan medisyne ons nie help nie, kan niks ons help nie; is ons op God se genade aangewese. En hy het afgekom na die einde van sy pad; die dokters kon hom nie help nie, en die verpleegsters kon hom nie

help nie, en medisyne kon hom nie help nie, en hy het gesterf. En toe toe sy siel sy liggaam verlaat het, sien, het dit al sy geld verlaat, al sy geleerdheid, alles wat hy gehad het, al sy gewildheid. Hulle het vir hom 'n yslike groot begrafnis gegee, miskien die vlag halfmas gevlieg, en—en die burgemeester van die stad het gekom, en hulle, en die prediker het gekom en—en gesê: "Ons broer het nou na die Heerlikheid gegaan," en alles soos daardie.

87 Maar die Bybel het gesê, dat: "Hy het sy oë oopgemaak in die hel, in die pyniging, en oor die groot kloof daar gekyk, en daardie bedelaar, wat daar in sy deur gelê het, oorkant in die Hemel gesien. En hy het geskree: 'Stuur tog vir Lasarus hiernatoe met 'n bietjie water. Hierdie vlamme brand.' Gesê: 'O, nee. Sien, jy het die verkeerde keuse gemaak in die lewe.'"

88 Sien, toe hy aan die einde van die pad gekom het, om uit die lewe uit te stap! Hy is gelei deur godsdiens. Hy is gelei deur geleerdheid. Hy is gelei deur die invloed van sy—van sy sukses. Maar, julle sien, hy het niks gehad om sy hand vas te hou nie, daardie goed eindig daar. Verstaan jy, jong kêrel? Julle volwassenes verstaan. Wat ek . . . Sien, hy het niks gehad om hom vas te hou nie. Sy geld kon hom nie vashou nie. Sy vriende met die dokters kon hom nie vashou nie. Medisyne kon hom nie vashou nie. Sy priester, sy godsdiens, kon hom nie vashou nie. So, daar was net een ding vir hom om te doen. Hy het—hy het geweier om vir Jesus, Ewige Lewe, te aanvaar. So wat moes hy doen? Afsak in die dood, na die hel. Wat 'n fatale fout het daardie jong man gehad toe hy geweier het om te wandel met Jesus, gelei te word deur Jesus. Hy het geweier om dit te doen.

89 Soveel jong mense maak daardie fout, vandag, weier om gelei te word deur die—deur die Here Jesus. Nou sien ons watter fatale ding dit is om Ewige Lewe te weier en gelei te word deur Jesus, 'n Leierskap, toe Hy gesê het: "Kom, volg My."

90 Sien wat hierdie aantreklike mannetjie vanmiddag gesê het? Wanneer julle uit die skool uitgaan, wanneer julle wegkom van, het julle 'n ander leier nodig, maar laat dit Jesus wees. En Jesus is die Bybel. Glo julle dit? Hierdie is Jesus se Lewe en Sy Gebooie aan ons, in lettervorm. So ons moet Hierin kyk, om te sien. Hierdie is die bloudruk. Hierdie is die kaart wat Hy vir ons gesê het om te volg, om—om Hom, Ewige Lewe, te ontmoet.

Nou vind ons uit dat hierdie jong man verlore was.

91 Laat ons nou 'n ander een neem. Wil julle graag, sal julle tyd hê om nog 'n ryk jong man te neem, wat die regte skuif gemaak het? Wil julle dit graag hoor? Goed, ons sal dit nou probeer. Nou kom ons neem 'n ander ryk jong man wat gekonfronteer was met dieselfde ding. Nou sien ons waarheen daardie seun gegaan het, wat 'n baie goeie lewe gelei het, maar gesterf het en verlore was in die hel. En hier gaan ons nou praat oor 'n ander jong man wat

gekonfronteer was met dieselfde ding. Hy was ’n ryk man, ’n jong man, en was ’n heerser, en, maar hy het die leierskap van Christus aanvaar; soos die klein seuntjie ons ’n rukkie gelede vertel het, wat ons ons moet laat lei. Hy het dit aanvaar.

92 Die Skrif hiervoor word gevind in, as julle dit wil opsoek na ek klaar is, sien, is in Hebreërs, die 11de hoofstuk, en die 23ste tot die 29ste vers. Laat ek Dit net lees. Is dit reg so? Julle sal my net ’n klein rukkie verduur, sal julle nie? Julle gee nie om as ek nie, sal julle? Sien? So ons net . . . Ons sal net hierdie lees, dan sê julle: “Ek het Broer Branham dit uit die Bybel hoor lees.” Sien? En dan weet julle dit is daar. Dis nie wat ek gesê het nie, dis wat Hy gesê het. Luister nou hier, van wat die Bybel hier gesê het van hierdie goeie kêrel, sien. Kyk nou.

> *Deur geloof is Moses, na sy geboorte, deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.*
>
> *Deur die geloof het Moses, toe hy . . . grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word;* (luister)
>
> *Omdat hy verkies het om liewer* die *slegte behandel te kry saam met die volk van God, as om ’n tyd lank die genot van sonde te* ly;
>
> *En die smaad van Christus groter te ag . . .*

93 Ver terug in Moses se tyd, was dit steeds Christus. Sien? Hy is die enigste Een wat Ewige Lewe het. Sien?

94 “Die smaad geag,” om ’n fanatikus, holy-roller, of so-iets genoem te word, julle weet. Sien?

> *En die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte* van *Egipte: want hy het uitgesien na die beloon . . . beloning.*

95 Nou weet julle wat dit beteken? Dit beteken dit, dat, Moses gebore is as ’n arm seun, baie arm. Sy pa se naam was Amram. Sy ma se naam was Jogebed. En hulle was baie arm, maar hulle was Christene. Hulle het hard gewerk. Hulle was in slawerny. Hulle moes modderstene, en dinge, vir die ou koning maak. Weet julle wat? Daardie koning se dogter het eendag afgegaan rivier toe waar moeder . . .

96 Moses se ma, Jogebed, het hom geneem en hom in ’n klein vlotjie gesit buite op die rivier soos daardie. En die ou krokodille het al die klein babatjies opgevreet; en hulle het hulle doodgemaak, deur hulle uit te gooi in die rivier. Maar sy het hom reg daarbuite gesit. En weet julle hoe het sy daardie krokodille van hom af weggekry? Sy het hierdie klein—klein arkie gemaak waarin sy hom gesit het, sy het dit van pik gemaak. Weet julle wat dit is? Dis terpentyn. ’n Ou krokodil sou opkom, sê: “Hum,

'n klein vet Hebreërtjie, ek sal hom kry!" Hom hoor huil soos daardie. Soontoe gegaan: "Sjoe! Wat 'n reuk! Uh!" Sien? Sien, die ma was gelei, hoe om haar babatjie te beskerm. So hy het weggegaan daarvan, hy wou niks daarmee te doen hê nie.

97 En toe het hy, 'n bietjie verder, in die rivier afgegaan. En sy sustertjie, met die naam van Miriam, het hom langs die rivier af gevolg, gekyk wat . . .

98 En toe het Farao se dogter uitgekom en sou hom kry, julle weet, en sy het hom uitgehaal. Jy weet, alle . . . Jy weet, jou ma dink jy is die mooiste kind in die wêreld; sien, sy behoort so te dink. Maar die Bybel het gesê hierdie ou seuntjie was baie mooi, regtig 'n mooi seuntjie. En, o, hy het net geskree en sy hakke geskop. Hy het sy mamma gemis, sien. En so weet julle wat het gebeur? Toe het God in Farao se dogter, die koning se dogter, al die liefde geplaas wat 'n ma vir 'n babatjie kon hê. Haar hart het net vir hom geval. Sy het gesê: "Dis my babatjie."

99 Maar, julle weet, sy was 'n jong vrou. Sien, daardie dae het hulle nie hierdie bottels gehad wat julle, die babatjies, op groot gemaak is nie, so hulle moes 'n ma gaan kry wat was, 'n baba gehad het, en gehad het, wat kon voed.

100 So Miriam was net daar byderhand, sy het gesê: "Ek sal vir jou die regte ma gaan haal."

"Wel, gaan haal haar."

101 Weet julle vir wie het Miriam gaan haal? Moses se eie ma. Dis reg. Ja, gegaan en gaan haal. Dit was wysheid, was dit nie? En so toe gegaan en Moses se eie ma gaan haal. En sy het gesê: "Ek sal die seuntjie neem en vir jou grootmaak."

102 Sy het gesê: "Weet jy wat, ek gaan jou driehonderd dollar 'n week gee, om daardie babatjie groot te maak. En jy kan in die paleis bly." Sien wat God doen as jy Hom vertrou, sien, wanneer jy seker is van geloof. Daardie babatjie was 'n profeet, sien, en sy het geweet.

103 So hulle het in die paleis ingegaan en—en sy het vir Moses grootgemaak, en die ma, die eie ma, en driehonderd dollar, per week, gekry om vir alles te sorg. Dink net daaraan!

104 En toe, julle weet, naderhand, na dit vir 'n rukkie aangegaan het, het Moses oud genoeg begin raak om te lees en skryf. Sy het hom geleer hoe om te lees en skryf. En toe het sy vir hom vertel, gesê: "Moses, jy is as 'n korrekte kind gebore. Ek en jou pa het gebid. God het aan ons geopenbaar dat jy 'n profeet is, en jy gaan 'n verlosser van die mense wees, in die dae wat sal kom."

105 En julle weet, toe hy groot geword het, wat was hy toe? Hy is aangeneem in die koning se familie. O, goeiste! Hy hoef nie te . . .

106 En hy het uitgekyk op sy eie volk, en hulle het geen klere gehad nie. Hulle was Christene, en hulle het gehuil. En daardie ou slawedrywers wat hulle met swepe geslaan het, en die bloed

wat van hulle rug afgevlieg het. Sy—sy neefs en ooms, pappa en mamma, almal van hulle; hulle met swepe geslaan, daarbuite in daardie moddergate. En so, maar Moses, wat iets onder in sy hart was, hy het geweet dat hulle God se beloofde volk was. Hy het dit geweet.

107 Nou, die volgende ding wat hy sou doen, was om koning te word. Hy sou koning wees oor alles, 'n ryk man, goeiste, al die geld van Egipte. En Egipte het die wêreld beheer, op daardie tyd. Maar, kyk, die Bybel het gesê: "hy het die smaad geag," om 'n moddertrapper soos daarbuite te wees, 'n Christen. Wanneer hulle hulle bespot, en vir hulle gelag, en hulle geskop het. As hulle enigiets terug gesê het, het hulle hulle doodgemaak. Sien? Maar Moses het gekies om saam met daardie groep te gaan, in plaas van om die koning se seun genoem te word.

108 Kyk daarna! Sien, omdat hy die eindtyd gesien het! Sien daardie ryk jong man? Maar hy het vir Jesus gesien, soos ons Hom in 'n visioen sien, dat die eindtyd is wat gaan uitbetaal. Nou, en hy het Christus se leierskap aanvaar, en Moses het die smaad as groter skatte geag.

109 Julle weet, partymaal wanneer julle seuntjies in die skool, seuntjies lelike woorde sê en hulle wil hê julle moet hulle sê. Julle dogtertjies; die dogtertjies lelike goed sal sê en wil hê julle moet hulle sê. Julle sê: "Nee. Ek's 'n Christen."

110 Hulle sê: "Ag, jou groot sissie!" Julle weet, so met jou aangaan.

111 Sien, staan op, sê: "Ek is bly om dit te wees." Sien? Want, sien, dis wat Moses gedoen het. Hy het die smaad van Christus as groter skatte geag as die hele Egipte. Kom ons volg hom nou, gelei deur Christus, en kyk wat hy gedoen het.

112 Nou, sien, hierdie jong man was ryk, die eerste jong man, maar hy wou Christus nie hê nie. Hy wou nie 'n volgeling van Jesus wees nie. En so vind ons hom baie gewild, miskien 'n rolprentster geword, en baie belangrik, in al die—die dinge wat hy kon doen, en alles wat hy wou hê. Maar toe hy gesterf het, het hy nie enigiemand gehad om hom te lei nie. So, sy geleerdheid, dit was goed; sy geld, dit was goed; maar toe die dood gekom het, was dit al, hy kon dit nie meer gebruik nie. Hy kon nie sy pad oopkoop na die Hemel nie. En hy kon nie, met sy geleerdheid, kon hy nie Hemel toe gaan nie. Sien?

113 Maar hierdie jong man nou, hy het al hierdie goed gehad. Hy het ook geleerdheid gehad. Hy's slim. Hy het skool toe gegaan met sy . . . Sy ma het hom geleer, en—en hy het 'n goeie geleerdheid gehad. En hy was baie slim, tot, hy selfs die Egiptenare kon leer. Hy het sy onderwysers geleer, hy was so slim. Kyk hoe slim was hy. Maar, julle weet wat, bo al daardie slimheid, bo alles wat hy gehad het, die potensiaal wat hy gehad het, het hy steeds gesê: "Ek sal dit alles verlaat, om Jesus te volg." Weet julle wat het

hulle met hom gedoen? Hulle het hom weggejaag. Hy het ’n—’n modderslaaf geword soos die res van hulle.

114 Maar eendag toe hy ’n volwasse man geword het, het hy skape opgepas agter in die woestyn. En wat het gebeur? Enigiemand my vertel wat gebeur het? Wat was dit? [’n Kind sê: “Daar was ’n Vuur in die bos.”—Red.] Dis reg, daar was ’n Vuur in die bos, en Dit het sy aandag getrek. Hy het afgedraai. En weet julle wat?

115 Julle het gesê: “Leer die kinders.” Nou gaan die kinders opstaan en my leer. So, en hierdie seuntjie hier, hy is reg op die—reg op die merk. Wie is jou pappa? [Die kind sê: “Mnr. Shantz.”] Mnr. Shantz is jou pappa. Daardie seun is geleer, is hy nie? Elkeen van daardie blink ogies wat in dieselfde rigting kyk, een om voor die ander een te kom, julle sien.

116 So kyk nou, hy het, en daardie—en daardie—daardie bos het hom aangetrek, aan die brand, en hy het gesê: “Ek sal afdraai en kyk wat dit is.”

117 En God het vir Moses gesê: “Trek uit jou skoene, die grond waarop jy staan is heilig. Ek het jou gekies om af te gaan en My volk te verlos. Ek gee jou krag; jy kan die aarde tref met plae, jy kan die water in bloed verander, jy kan vlooie en luise bring. Niks gaan jou skaad nie. Ek sal jou kies.” Hoekom? Omdat hy Christus gekies het. Sien? Jy kies Christus, en Hy kies jou. Sien? Nou het Hy gesê: “Jy het My gekies, en Ek het jou gekies om daar onder in Egipte in te gaan.”

118 En kyk wat hy gedoen het. Hy het tweemiljoen mense gelei, tweemiljoen mense uit, sy volk, en hulle in die beloofde land ingebring. En, nou, hy het gevolg. Ons volg hom reg deur die woestyn; en julle kinders het vir Broer Leo en Broer Gene gehoor, en julle pappa en mamma, julle vertel wat alles in die woestyn gebeur het, hoe hy brood afgebring het uit die hemel en die honger mense gevoed het, en al hierdie dinge.

119 En nou vind ons uit, hy is nou ’n ou man, hy’s baie oud, hy is eenhonderd-en-twintig jaar oud. En hy is in die woestyn.

120 En die mense het hom nie eers goed behandel nie. Sien, partymaal behandel mense wat hulleself Christene noem, jou nie goed nie. Maar Jesus behandel jou altyd goed. Sien? Sien? So ons vind nou dat die mense teen hom gerebelleer het, maar hy het reg by hulle gebly, in elk geval. En hy was die leier, en hy moes by hulle bly. En die Engele van die Here het met hom gepraat. Sal julle nie graag wil hê dit moet met julle gebeur nie? Maak dan die regte keuse, en kies Jesus, en Hy sal dit doen.

121 Nou, toe vind ons uit, die einde van die pad, het hy baie oud geword. Hy kon nie meer preek nie, en sy stem het sag geword. So hy het vir Josua geseën, en bo-op die heuwel opgegaan, om te sterf.

122 Weet julle wat gebeur het toe hy gesterf het? Daar, wat, wat het gebeur? ['n Seun sê: "Hy het gesterf, en toe het Hy hom opgewek uit die dood."—Red.] Dis presies reg. Dis presies reg.

Nou sê julle: "Waar is dit?"

123 Nou, net 'n oomblik, die seun is reg, sien. Hy is opgewek uit die dood. Nou. (Miriam, ek weet jy het dit geweet. Um-hum. Sien?) Kyk nou. Hy het hom opgewek uit die dood. Hoekom? Want, agthonderd jaar later, hier was hy oorkant in Palestina, wat nog by sy Leier, Jesus staan, wat die smaad van Sy Naam as groter skatte geag het as al die rykdom van Egipte. Hy het geag . . . Sy Leier het daar gestaan. Julle weet, Hy is genoem . . .

124 In die—in die Bybel, julle weet, was daar 'n Rots wat saam met Israel gegaan het. En toe Moses gereed gemaak het om te sterf, het hy bo-op hierdie Rots geklim. En daardie Rots was Jesus. Onthou julle toe Jesus gepraat het, en in Johannes, die 6de hoofstuk?

Wel, het hy gesê: "Ons vaders het manne geëet in die woestyn!"

125 Gesê, gesê: "My Vader het vir julle daardie manna gegee." Hy het gesê: "Ja, hulle het manna geëet. Dis reg. En hulle is, elkeen, dood, omdat hulle nie wou bly voortgaan het nie, sien." Gesê: "Hulle is, elkeen, dood." Maar gesê: "Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom."

126 "Ons vaders het uit 'n Rots gedrink. Moses het die Rots geslaan," en gesê: "en die waters het voortgekom."

Hy het gesê: "Ek is daardie Rots wat saam met hom was."

127 En kyk, toe Moses gesterf het, het hy op daardie Rots geklim. Weet julle wat gebeur het? Die Bybel het gesê dat "Engele" gekom en hom kom haal het.

128 Watter verskil van daardie ander jong man! Daardie jong man, sien, toe hy gesterf het, het hy niemand gehad om hom vas te hou nie, so hy het net afgesink deur die duisternis, na die hel, en hy's nou daar, daar.

129 Toe, toe Moses uit die lewe uitgestap het, toe hy gegaan het, het hy 'n Leier geneem. Sy mamma het hom reg gelei, sy pa het hom reg geleer. En toe, toe hy volwassenheid bereik het, 'n jong man, toe het hy gesê: "Ek sien Ewige Lewe, as ek sal afgaan saam met hierdie arm, verwaarloosde volk, en saam met hulle wandel, omdat hulle God se volk is. Ek hoef nie. Ek kan 'n koning wees, maar ek wil nie 'n koning wees nie. Ek kan al die geld hê wat daar in Egipte is, want ek gaan eienaar daarvan wees. Ek wil dit nie hê nie. Ek sal liewer saam met Jesus wandel." En toe, toe hy deur die lewe gewandel het, en toe, toe hy begin uitstap het uit die lewe, daar was sy Leier om hom aan die hand te vang.

130 Wil julle nie daardie Leier hê nie? Wil ons nie almal daardie Leier hê om hom met Sy hand vas te hou nie?

131 Honderde jare later, is hy gesien saam met sy groot Leier. Hy het gelei. Hy het gemaak—hy het die keuse gemaak, in sy jeug, en daarom het God hom vasgehou.

132 Weet julle wat? Die ryk man is in die hel, daardie een ryk jong man wat geweier het. Sien, onthou nou, hy het geleerdheid gehad, hy het godsdiens gehad, hy het kerk toe gegaan, hy was 'n goeie man, maar hy het vir Jesus geweier. Sien?

133 En hierdie jong man, hy was geleerd, en hy het godsdiens gehad, maar hy wou vir Jesus hê. Sien, Moses sou 'n baie ryker man gewees het as—as wat hierdie jong man sou gewees het, omdat hy net 'n bietjie geld gehad het, waarskynlik plase en sulke goed, en miskien politiek ensovoorts, maar Moses sou koning word oor die aarde. En hy het dit alles verlaat.

134 En weet julle wat, kinders? Wanneer daar geen Egipte is nie, en wanneer daar geen skatte is nie, sal daar steeds 'n Moses wees, omdat hy die regte ding gekies het. Sien? Hy het die regte ding gekies om hom te lei.

135 Wanneer daar geen groot piramides meer is nie! Het julle van die piramide in Egipte gelees? Een van hierdie dae, sal hulle stof wees, onder die atoombom. Al die rykdomme van die wêreld, mense sal dit in die lug gooi, en skree, en sê dit is gekanker in hulle vlees, en skree en kerm. Sien, dit sal vergaan.

136 Maar hulle wat vir Jesus aanvaar om hulle te lei, hulle sal nooit sterf nie. Hulle het Ewige Lewe. Al sterf hulle natuurlik hier, sal Jesus hulle weer opwek.

137 Jy moet jou keuse maak. Jou keuse sal bepaal wat jou ewige bestemming sal wees. Onthou, Jesus vra vir elkeen van ons: "Volg My as jy Lewe wil hê." Sien, leierskap: "Volg My. Jy sal ewigdurende Lewe hê." En ek's seker, self vir ons volwassenes, ons kry ook iets hieruit. As jy Lewe wil hê, moet jy Dit aanvaar. Jy godsdiens wil hê, aanvaar dit. As jy wil hê. . . Wat jy moet doen, wat jy aanvaar, dis wat jy sal kry. Maar vir my en vir jou, en vir hierdie kindertjies, onthou, julle het 'n uitnodiging. Jesus het gesê: "Volg My, en kry Ewige Lewe." Dis wat ons wil doen, nie waar nie?

138 Nou hoeveel van julle wil regtig vir Jesus volg, en julle sê: "Van, van, wanneer ek groot genoeg en oud genoeg word om my keuse te maak, en te doen wat. . . Ek gee nie om hoeveel geld ek het, hoe arm ek is, hoeveel mense vir my lag, of al die res nie, ek wil vir Jesus volg. Ek wil Moses se keuse maak, nie die ryk jong man nie"? Hoeveel wil dit net hier doen? Wil julle dit nou regtig doen?

139 Ek wil hê julle moet opstaan saam met my. Ek wil hê jy moet jou linkerhand op jou hart sit, en hou jou regterhand in die lug op. Ek wil hê jy moet nou jou oë sluit en jou hoof buig, en net hierdie woorde agter my aan sê:

140 Liewe Jesus, ek belowe my lewe aan U. Ek het hierdie preek gehoor waar twee jong mans hulle keuse gemaak het. Ek wil nie die pad volg van die ryk jong man nie. Maar ek wil wel die pad volg van Moses. Ek is nog net 'n kind. Lei my, Liewe Jesus, na die Ewige Lewe. Amen.

Buig nou jou hoof.

141 Liewe Jesus, eendag, in U pelgrimstog hier op aarde, het hulle na U toe sulke kindertjies gebring soos met wie ek vanmiddag gepraat het. En die dissipels het gesê: "Die Meester is te moeg. Hy het vanmôre gepreek. Hy het gepreek, *dit* en *dat*, en Hy is te moeg. Moet Hom nie pla nie."

142 Maar, Jesus, U het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel."

143 Here God, ontvang vandag hierdie seuntjies en dogtertjies hier, in hierdie skool van geregtigheid, hier waar ons broer eenkant toe gekom het aan die kant van die woestyn hier, om die families uit te bring wat graag hulleself wil afsonder van die dinge van die wêreld, om net te vertoef vir U. En nou is hulle kindertjies hier, en hou die lewens van hulle pa en ma dop, omdat ons—ons voorbeelde is in alles wat ons doen. O Dierbare God, Skepper van Hemel en aarde, lei ons voete, Here, dat ons niks voor hierdie kindertjies sal doen, wat 'n struikelblok in hulle pad sal sit nie. Want daar is gesê, dit sou beter wees dat daar 'n meulsteen om ons nek vasgemaak word, en in die see gewerp word, as om een van hierdie kleintjies seer te maak. U het gesê: "Hulle Engele aanskou altyd My Vader se aangesig wat in die Hemel is," die groot Engel, en Beskermengel, oor elkeen van hierdie klein siele.

144 Soos hulle vanmiddag met hulle ogies wyd oop, sit en kyk en die vrae beantwoord het, en luister na die babastorietjies van die Bybel, van hoe hierdie twee jong mans hulle keuses gemaak het, en elkeen van hulle hulle lewens aan U toegewy het. O Jehova God, lei hulle, beskerm hulle. En mag hulle hierdie groot Leier, Jesus Christus, vind, wat hulle sal lei wanneer pa en ma en die onderwysers klaar is met hulle. Mag U hulle lei na Ewige Lewe, soos U Moses het, soos hulle nederige, klein, kindergebedjie na U toe gegaan het. Ek gee hulle vir U, Here, as U dienskneg, as trofeë en juwele vir U kroon. Gebruik hulle, Here, om U te eer, op aarde. In Jesus Christus' Naam. Amen.

145 En julle kleintjies, outjies, kan. . . Voel julle nou beter daaroor? Julle weet Jesus gaan julle lei en julle rig. Glo julle dit nie? En Jesus gaan julle seuntjies net soos Moses en Miriam maak, die profetes en—en die profeet, Hy sal groot mense van julle maak.

146 Nou, ons ouer mense, wat Hom aanvaar het, wil ons nie hê Hy moet ons ook verder lei nie? Ek wil hê Hy moet my verder lei, my voete rig, my hand vashou. Sien? En selfs as ek afkom na

die rivier, wil ek—ek Sy hand vashou. Ons almal wil dit hê, nie waar nie?

147 Liewe Jesus, lei ons, ook, Vader. Nou maak ons gereed om van mekaar te skei. Ek moet teruggaan na Tucson. Ek moet gereedmaak vir die dienste wat kom. God, ek vertrou hierdie groep mense, Broer Leo en Broer Gene, en al die volgelinge hier, toe in U hande, dat U hulle sal seën en hulle sal liefhê, al hulle ongeregtighede sal vergewe, al hulle siektes sal genees, hulle altyd in liefde en gemeenskap sal hou, en hulle sal aanmoedig wat sou hê. . .moeg sal raak. En partymaal mag Satan kom en hulle moedeloos laat voel, maar, onthou, U het deur dieselfde ding gegaan, moedeloosheid, verlaat deur—deur mans van hierdie aarde, en mense. En partymaal die beste vriende, selfs in verhoudings, word ons verlaat. Maar daar is Een wat ons gekies het, Hy sal ons nooit begewe of ons verlaat nie.

148 Lei ons, Here, na die Ewige Lewe. Ek bid dat U sal gee dat ons nog baiekeer sal kan bymekaar kom, op aarde, en preek oor U en praat van U. En dan in daardie groot Dag, wanneer die wêreld verby is en al die tyd vervaag het in Ewigheid, mag ons in daardie groot Koninkryk ontmoet, as ongebroke families, om vir ewig hierna saam te lewe. Skenk dit, Here. Tot dan, mag ons werk, arbei met al ons mag, terwyl die son nog skyn. Want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

149 God seën elkeen van julle. [Leë kol op band—Red.]

Deur Sy raad jou lei, jou ondersteun,
Met Sy arms jou veilig toevou;
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet! (Dankie, broer.)
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

God seën julle almal.

*Leierskap* AFR65-1031A
(Leadership)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 31 Oktober 1965, by die Pine Lawn Trailer Park in Prescott, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org